

28 Augustus

Jona 3:1-10

Die krag van God se Woord

Daar staan Jona, uitgespoeg op die strand. Wat moes nie alles deur sy gedagtes gegaan het nie! Een ding is seker en dit is dat hy die dood in die oë gekyk het en hy lewe danksy God se genade. En dan reguit en eenvoudig, sonder dat God verduidelik, verwyd of vermaan, ontvang Jona dieselfde opdrag van God (vers 2). Dit is egter ook sprekend van God se volmaakte vergiffenis, want as God vergewe dan hou Hy nie jou verlede en struikeling teen jou nie. In die genadelose wêreld van vandag kry iemand wat gefouteer het nie maklik weer 'n kans nie. Net een misstap en die koerante blaker dit uit. Maar met God se genade is dit anders. Hy gee jou weer 'n kans.

Nineve was 'n baie groot stad en dit het 'n mens drie dae geneem om dit deur te stap. En in hierdie groot stad stap God se profeet en na 'n dag roep hy uit: "Nog net veertig dae en Nineve word verwoes!" En die reaksie? Die mense van Nineve het in God geglo en hulle bekeer. Hulle bekering was ook opreg, want Jesus self verwys daarna in Matteus 12:41 as 'n bekering wat die Jode sal beskaam. 'n Hele stad in 'n heidense land kom tot bekering. Selfs die koning reageer met berou en bekering. Hoe is dit moontlik? Dit is 'n wonderwerk van God. Dit getuig van die krag van God en sy Woord. Vir Hom is alle dinge moontlik (Matt 19:26).

Jona het voor hulle gestaan as 'n man wat uit die dood opgestaan het. Hy was 'n teken van God se straf teen sonde, maar ook 'n teken dat 'n sondaar God se genade sal ontvang as hy hom bekeer.

Sing Psalm 89:6

Dr. S.J. van der Walt (Cachet)